FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

# Die WAPAD

STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** F. W. Buytendach; **Besigheidsbestuurder:** D. J. v.d. Merwe; **Sekretaris:** B. Lombard; **Medewerkers:** V. E. D'Assonville, A. Botha. **Subredakteure:** R. G. Kriel, P. v.d. Merwe, P. Struwig, Mej. F. Venter.

Deel II. No. 8. VRYDAG 15 AUGUSTUS 1947. 2d.

# ....WANT ONS IS ALMAL CALVINISTE

## KOM ONS KWEEK DIE REGTE GESINDHEID

### BRING BYMEKAAR WAT BYMEKAAR BEHOORT

As mens 'n post mortem hou van die geskiedenis van die stryd van mede-Calviniste in ons land, en die vrugte van die stryd wat reeds gepluk kan word in oënskou neem, dan het 'n antwoord op die vraag na die regte onderlinge gesindheid—al sou dit maar op 'n beskeie manier wees—uiters noodsaaklik geword.

Dat die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing in ons volkslewe so stadigaan tot ontwaking begin kom is ongetwyfeld geen geheim meer nie. Uit die aard van die saak kan dit ook nie anders nie, want in wese is die Afrikanervolk Calvinisties. Die rede waarom daar op die oomblik gestry moet word vir die saak van die Calvinisme, wortel in die feit dat ons volk by **gebrek aan kennis** en die **regte leiding** in die verlede met uitheemse beskouinge georiënteerd geraak het en uit **blote onkunde** daaraan probeer **vashou**.

Dit is egter 'n verblydende werklikheid dat bewuste Calviniste betyds uit die slaap wakkergeskrik het, en dat daar nou met die grootste ywer gepoog word om ons volk weer Calvinistiesbewus te maak—hetsy deur die geskrewe woord, die gesproke woord of deur die daad. Dat hierdie poging reeds baie veld gewen het sal deur niemand betwis word nie, maar die vraag kom maar telkens weer by mens op of die stryd **effektief** genoeg gevoer word?

Op hierdie vraag is 'n mens geneig om ontkennend te antwoord, veràl wat die jongste verlede betref. Die neiging onder sommige Calviniste om onderling, en ook in hulle optrede in die buitewêreld, dwars te trek, het reeds veelal voorgekom, en juis dit is die sweer in die ganse Calvinistiese strewe waarop die vinger gelê moet word. Dit sal nie help om hierdie swakplek trag te genees nie, die oorsaak daarvan moet opgespoor en verwyder word, alleen dan is genesing moontlik. Met hierdie sweer waarvan melding gemaak is word bedoel die gees van **onverdraagsaamheid** en **wantroue** wat daar onder sommige Calviniste bestaan. Hierdie gees het sy geboorte gevind in die afgelope politieke haarklowery met al sy bitterheid en onaangenaamhede. As gevolg hiervan is die Afrikanerdom vandag in verskillende groepe verdeel en na analogie daarvan ook die Calviniste. So het langsamerhand verwydering ontstaan en is halfhartige samewerking of geen samewerking daardeur steeds meer en meer in die hand gewerk. Dit het noodwendig meegebring 'n verkeerde gesindheid onder mede-Calviniste onderling en ook in hulle optrede na buite. As hierdie

(Vervolg bls. 2, derde kolom).

**BIRTHS.**

**BABROOM—At the Sterkfontein Maternity Home, on June 31st., to Mrs. Babroom (née Darwin) and Dr. Babroom, a bonny daughter, to be called Linky Missing, and duly to be baptized at The Wapad Manor, Friday, August 20th, 1947. The child is well—a real chip of the old bloke.**

Alle figure in hierdie roman is denkbeeldig en het geen betrekking op bestaande persone nie.

Uit Oud-Studente-pen . . .

# PANSO VIND WEERKLANK.

## PUKKE! LAAT JULLE NOU GELD!

Geagte Redakteur,

Dit was vir my verblydende nuus toe ek gehoor het van die pogings wat daar in die werk gestel is om meer eenheid in die studentegeledere te bewerkstellig. Toe daardie pogings geslaag het en P.A.N.S.O. in di lewe geroep is, was ek verheug saam met die studente.

**Die studente is gewoonlik op die voorpunt van die tye, en omdat mens altyd in 'n studentegemeenskap 'n beeld vind van wat in die breë volkslewe omgaan, is dit te begrype dat die studente eerste sou wees om eenheid te vind.**

Baie geluk met julle poging; mag dit duursaam wees! Laat die wêreld sien hoe die Calvinisme verskille oorbrug: Ons het soveel gemeenskaplik dat ons verskille nietig is! Dra ook daardie beginsel saam met julle uit in die wêreld, en vernietig subietalle pogings tot verdeling.

Noudat daar eenheid heers, is daar die volgende taak wat op u as nasionale Afrikanerstudente wag.

**Waarom is die dorp Potchefstroom so min bewus van die P.U.K. se bestaan in sy midde? Dit moet nie so wees nie en dit mag nie langer so bly nie. Die studente moet hulleself meer laat geld in Potchefstroom wat tog 'n studentedorp is. "n Duisend P.U.Kaners is genoeg om die dorp op horings te neem.**

Dis nie genoeg dat daar eenmaal in 'n jaar 'n Vreugdedag gehou word nie. Daar kan selfs nog meer van die dorp geëis word, maar dan moet daar ook meer gegee word.

Die studente van die P.U.K. moet uitkom uit hulle isolasie in Potchefstroom. Die gemeenskap het ook die leiers onder die studente nodig. As al die studente 'n Afrikanersaak hier ter plaatse ondersteun, wat kan dit nie beteken nie!!

En wat van ander dinge wat u steun meer nodig het en verdien as die bioskope? Daar is kultuurbyeenkomste en goeie Afrikaanse toneelopvoerings wat baie meer ondersteun moet word.

**P.U.Kaners, siedaar die volgende taak: lewe julle eenheid uit na buite en laat julle en jul beginsel meer en meer geld, eers hier waar julle hoofkwartier is, dan op die verskillende fronte na buite.**

Groetend,

JAPIE v.d. WALT.

W. J. GROBBELAAR
DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*
*Helen Curtess Machineless Oil Perm.*
*Jamal Machineless Cream Perm.*
BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Mansafdeling:—Verminderde Tarief vir Studente Weeksdae.

Tel. 330. Kerkstraat 92.
Potchefstroom.

WANT ONS IS ALMAL CALVINISTE

(vervolg van bladsy 1).

gesindheid nie finaal uitgesuiwer kan word nie, dan het ons geen hoop dat die Calvinistiese strewe in hierdie land sy doel sal bereik nie. Daarenteen, as ons saamstry met die regte gesindheid, sal ons beslis ons doel bereik.

Dit maak nie saak aan watter politieke organisasie ons behoort nie, solank ons net binne sodanige organisasie waaraan ons mag behoort ons Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, teen alle teenkanting in, uitlewe. Calvyn b.v. het in die Roomse Kerk gebly solank hervorming in die boesem van die kerk moontlik was, eers toe dit nie meer moontlik was nie, het hy weggebreek. Dit geld ook vir ons almal as Calviniste, immers ons glo tog dat die gesag van Gods Woord alle lewensterreine moet omspan.

**As Calviniste moet ons dus saamstry. Ons moet eenheid vind in verskil—nie verskil in eenheid nie. Daarom is dit so uiters noodsaaklik dat mede-Calviniste mekaar by vernuwing moet vind en hulle kragte saamsnoer in belang van die verbreiding van die Calvinistiese beginsels op alle lewensgebiede. Verder moet mede-Calviniste, wanneer daar enige verskil in beginselinsig of toepassing mag ontstaan, mekaar bejeen in die gees van verdraagsaamheid en wedersydse vertroue. Alleen dan is ons gesindheid as Calviniste, onderling en ook na buite, suiwer en kan ons stryd gesond en effektief wees.**

**Hierdie gesindheid van wedersydse vertroue en verdraagsaamheid** in belang van die Calvinisme, moet ook die gees wees van ons as studente **ondermekaar** aan hierdie inrigting waaraan ons studeer. Hierdeur sal ons mekaar **begryp** en **waardeer**, en sal ons, wanneer ons eenmaal voltyds in die roeping staan waarvoor ons hier bekwaam word, mekaar **bejeën met agting** terwyl ons moedig en met gekonsolideerde kragte saamstry en voorstry in belang van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, maar boweal tot eer van God **Drieënig.**

Die Redaksie stel vandag aan u voor: die nuwe formaat en nuwe uitvoering van „Die Wapad," en vertrou dat dit nog meer in die smaak sal val as die ou formaat. Enige opbouende kritiek bly welkom. Verder wil die Redaksie Mnr. Japie van der Walt, tans paedagoog aan die Gimnasium, te bedank vir sy stimulerende artikel.

BIBLIOTEEK

In die plek van wyle **Mev. Botha** is Mev. wyle ds. **W. J. de Klerk** as huismoeder van die dames aangestel.

Ons kan Mev. **de Klerk** hiermee verseker dat sy hartlik welkom is in ons midde. Ons wil verder die hoop uitspreek dat sy met aangenaamheid haar taak sal verrig en dat haar dienste as moeder vir die dames lank en geseënd sal wees. Nogmaals hartlik welkom!

* * *

Aan **Mnr. C. Hattingh** en **Mej. B. Ligthelm** 'n woord van hartlike gelukwensing met hulle huwelik, wat in die afgelope vakansie plaasgevind het.

* * *

Mnr. **G. H. J. Kruger** en Mej. **L. van der Walt** het in die afgelope vakansie stil-stil verloofgeraak—hartlik geluk!

* * *

Geluk aan Mnr. en Mev. **M. J. Booyens** met die geboorte van 'n dogter, en aan Mnr. en Mev. **G. P. Scheepers** eweneens met die geboorte van 'n dogter—die ledetal van die Teol. Skool neem vinning toe! Eweneens hartlike gelukwense aan Mnr. en Mev. **Groeneveld** met die geboorte van 'n dogter.

* * *

Waar broeder **D. J. Jerling** 'n ander beroep gekies het en derhalwe nié meer onder ons opgemerk sal word nie, wens ons hom hiermee sterkte toe op sy nuwe loopbaan en hy kan verseker wees van ons voortdurende belangstelling.

* * *

Aan alle nuwe staflede 'n woord van hartlike welkom in ons midde—veral aan **Mej. C. de Klerk,** een van ons oudstudente. Ondanks haar professorale hoedanigheid is nadere kennismaking van die kant van die studente seker nog moontlik!

* * *

Aan **Mnr. G. B. S. Pasch** ons hartlike dank vir die dienste wat hy gelewer het op die Korpsbestuur en op die studenteraad. Sy plek is opgevul deur Mnr. **S. L. Vorster**—hartlik geluk!

---

Ons innige simpatie en meegevoel aan Mnr. **B. Spoelstra** met die afsterwe van 'n broertjie; aan Mnr. **Wüst** met die afsterwe van sy vader; en aan Mej. **S. van der Westhuysen** met die afsterwe van haar moeder; aan Mejj. **H. en M. Yssel** met die afsterwe van hulle grootvader. Mag hulle die vertroosting van die H.G. in ryke mate ervaar.

---

# DIE ALABAMA-TOER.

## Baie opbringste, baie gasvryheid en baie liefde.

Die pas-afgelope Alabama-toer het weer heelwat nagelaat om by wyse van nabetragting aan te herkou. Wat dit is, sal later vermeld word. Eers net dit: So 'n Alabama-toer is darem maar 'n lekker ding!

**Die gulhartigheid waarmee ons groepie reisende Pukke orals ontvang is, was inderdaad aangenaam. Dit laat mens oortuig voel dat die gasvryheid wat so tipies van die Boer is, nie uitgesterf het nie, maar lewe!**

Aangenaam was dit ook om elke aand te merk en te hoor dat die publiek die konsert nou werklik mooi en aangenaam en gaaf gevind het. Dat die toer 'n sukses was, hoef nie bewys te word nie—die feit dat plus-minus £600 wins inge-oes is, is al genoeg bewys hiervoor.

En nou van die herkoutjies: Die Alabamers het regtig vir mekaar lief geword. **Basie** en **Christien** het sommer daar en dan besluit om te „case," en toe doen hulle dit. **Liesbeth en Gert—nou ja,** wat sal ons van hulle sê?! Almal sien tog wat gaan aan! En selfs Sagie word 'n gereelde besoeker by Thaba 'n Koeloe; Alma is die trekpleister. Nog iets: Sonder om voorspellings te waag: as daar darem nie 'n ding gaan gebeur tussen **Attie en Emmie** nie . . . . ! Maar dis nie al liefdes nie: Ons Alabamers het ook lief geword vir oom Faan en tant Susie, ons reisouers, en hulle—so hoop ons!—vir ons. In kort: Sommer al die Alabamers is lief vir mekaar!

Langs hierdie weg ook word die dank van ondergetekende, wat as S.R.-verteenwoordiger die toer meegemaak het, betuig. Dank teenoor die Alabamabestuur vir die onderneming wat hulle so suksesvol van stapel gestuur het; dank teenoor die reisouers vir hulle simpatieke en aangename omgang met die studente; dank teenoor elke niggie en neef van die geselskap. U was en is Alabamers en bo alles P.U.Kaners! Baie dankie! Lank lewe die Alabama!!

W. VENTER.

---

Eerste student: „'n Mens kan kaartjies by die kantoor te koop kry."

Tweede student: „Bedoel jy kaartjies om met die bus te ry?"

**Phlippie Human:** „Nee, om die boufonds te sterk."

# TWEE TENTOONSTELLINGS.

'n Ruk gelede was ek op die groot Paasskou in Johannesburg. 'n Kosmopolitiese menigte, waar 'n Afrikaner maar verlore voel: 'n vreemdeling in die land wat sy vaders met bloed gekoop het. Uitlandse stemme, afgewissel deur uitlandse musiek (as 'n mens die jazz-gemors musiek kan noem) blêr allerlei oorbodige dinge oor sleg verstaanbare luidsprekers. Nêrens 'n woord Afrikaans, behalwe so nou en dan uit die mond van 'n Afrikaanse besoeker. Selfs by die landbou-afdeling is dit nie anders nie. 85% van die boere is Afrikaners, maar ook hier geen woord Afrikaans nie. Die hele landboutentoonstelling asem die gees van „biesenies" en nie van boerdery nie. 'n Cockney wat dalk oortuig is dat kaas aan bome groei, prys die een of ander melkmasjien; en 'n Afrikanerbul vererg hom sigbaar oor die haakneuse wat by hom verbystap.

'n Maand later sien ek 'n prentjie in 'n tydskrif: 'n groot landboutentoonstelling in Buenos Aires. Dieselfde soort geboue en stalle, maar daarbo 'n ontsaglike banier: „cultivar el suelo es servir a la patria." Die grond bewerk is die vaderland dien . . .

Ek mag nie begeer wat van my naaste is nie, maar nogtans begeer ek iets wat Suid-Afrika blykbaar kortkom . . .

---


INGRAM SE BOTTELSTOOR

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM)

INGEVOERDE en KOLONIALE WYNSOORTE en SPIRITUALIEË

Besoek die Studente-

en Eg-Afrikaanse Kafee

SONSKYN

★

*Bediening na u Bevrediging*

**MILLER EN KIE.,**
**BEPERK.**

VIR WAARDE.

BESOEK ONS

Verskillende Afdelings.

**MATERIALE,**
**GORDYNSTOWWE,**
**KLERASIE EN**
**SKOENE**

**VIR VOLWASSENES EN KINDERS**

*en Bespaar Geld*

**Posbus 75. Foon 197.**
**KERKSTRAAT 119,**
**POTCHEFSTROOM.**

„EENDRACH MAAKT MACHT"

was die leuse van die ou

**SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK.**

En net deur eendrag, deur saamstaan, kan ons onsself 'n groter aandeel in die besigheidslewe verseker.

**Afrikaner, jou pennie is geld wêrd!**

# KLEIN GESINNE

## LEWENSSTANDAARD HANG AF VAN BEVOLKINGSGROEI.

deur „Japie."

Kennis is mag. Maar 'n *bietjie* kennis is net so gevaarlik soos vuurhoutjies in die hand van 'n kind. Op min gebiede van menslike kennis is dit so waar soos op die gebied van die ekonomie. Die geskiedenis is vol van voorbeelde van ekonomiese teorië wat hopeloos tekort geskiet het, maar wat nogtans regerings en volke die spoor laat byster raak het—soms omdat die ekonomiese wetenskap self nog nie ver genoeg gevorder was nie, en soms omdat oningeligtes daarmee ideologiese amok gemaak het. Tot hierdie laaste kategorie behoort die geloof dat deur klein gesinne die lewenstandaard verhoog kan word—en dit is een van die mees gevaarlikes van die baie kwasi-wetenskaplike illusies van ons eeu. Dit bedreig die substansie van die volk, dit saboteer sy ekonomiese vooruitgang, en dit verlam sy groeikrag soos 'n ontydige ryp in 'n vrugteboord.

Die teorie is, dat wanneer die bevolking op 'n betreklik lae peil gehou word die bestaansmiddele onder minder mense verdeel hoef te word, en elkeen dus meer ontvang as anders. Sy aanhangers gaan dus uit van die gedagte dat daar 'n vaste „fonds" van bestaansmiddele is. Hierdie redenasie is verwant aan die oortuiging van sommige werkers dat daar 'n vaste hoeveelheid werk bestaan, en dat 'n mens dus maar stadig moet werk, sodat die hoeveelheid werk onder meer persone verdeel kan word. Albei idees is natuurlik ewe dwaas. Daar bestaan nie soiets soos 'n vaste hoeveelheid bestaansmiddele nie; en dit is ook onjuis dat elkeen 'n kleiner deel kry wanneer die bevolking groter is, want ons moderne geïndustrialiseerde Westerse ekonomie is gladnie met die statiese struktuur van Indië of China vergelykbaar nie.

Die hele teorie is 'n baie flou aftreksel van bewerings wat Malthus meer as honderd jaar gelede gemaak het—toe die ekonomie nog in sy kinderskoene gestaan het—en hierdie is ook die naaste wat dit nog ooit by die wetenskap gekom het. Dit het egter nie verhinder dat daar nog baie mense is, veral geskoolde werkers wat deur harde arbeid en opofferende stryd 'n goeie lewenstandaard bereik het, wat rotsvas aan hierdie teorie glo. Dit behoort tot die geestelike agtergrond van dievakbondbeweging in Europa, en het later hiernatoe oorgewaai: 'n vreemde plant in die Suid-Afrikaanse grond—in Europa histories verklaarbaar, maar in Suid-Afrika wild woekerend tussen die rye kultuurplante wat deur hom van hulle grondvog beroof word.

### OM TE VERBRUIK OF NIE TE VERBRUIK NIE—DIT IS DIE KWESSIE!

Laat ons uitgaan van 'n toestand waarby daar nie volle [illegible]ensneming is nie, m.a.w. waar 'n mate van werkloosheid bestaan wat nie aan tydelike oorsake soos seisoene en werkverandering toegeskryf kan word nie. Sê nou die inkome van die mense wat wel werk het, styg—deur groter doeltreffeid van die arbeid, deur loonverbeterings, of deur ander oorsake. Die

# SKEP ARMOEDE.

verbruik sal dan toeneem, en daarmee ook die vraag. Hierdeur styg weer die produksie en dus ook die peil van indiensneming.

Maar dis 'n onveranderlike sielkundige wet, dat as 'n mens meer verdien, die verbruik ook sal toeneem, maar nie in dieselfde verhouding as die inkome nie. As my salaris £20 is, sal ek sê £18 verbruik en £2 spaar. Maar as ek dan skielik £40 verdien, sal ek nie 36 uitgee en £4 spaar nie, maar sê £30 uitgee en £10 spaar.

M.a.w. hoe groter die inkome van die mense, en hoe hoër die peil van indiensneming, hoe kleiner word die gedeelte van die inkome wat verbruik word, en hoe meer word gespaar. Hierdie toenemende persentasie moet dus belê word, ander kan die hoër peil van indiensneming nie gehandhaaf word nie.

Die vraag is dan net of betalende beleggings gevind kan word. Die neiging om te verbruik (in % van die inkome uitgedruk) daal immers. Gelyktydig daal die s.g. grensdoeltreffendheid van kapitaal, d.w.s. die mees winsgewende beleggings word eerste uitgesoek en die beleggingsmoontlikhede wat oorbly, word steeds minder winsgewend.

Wanneer dus die peil van indiensneming styg, saam met die algemene inkome, sal die nuwe werkers nie almal nodig wees om die nuwe vraag na verbruiksgoedere te bevredig nie. Die peil van indiensneming kan dus op die duur net in verhouding tot die beleggings styg, tensy daar 'n verandering kom in die neiging om te verbruik.

**Die nuwe peil van indiensneming wat deur die groter inkome ontstaan—of wat, omgekeerd, die groter inkome in die lewe roep—sal alleen winsgewend blyk en gehandhaaf kan word indien daar 'n toeneming in beleggings kom wat minstens ewe groot is as die bedrag waarmee die verbruik, in sy verhouding tot die inkome, by die styging van die inkome (lewenstandaard) agtergebly het.**

---

**VRAAG VAN AANBOD VAN KAPITAAL BEPAAL DIE INDIENSNEMING.**

Die twee faktore, wat saam die mate waarin daar nuwe beleggings sal plaasvind, bepaal, is die rentekoers en die grensdoeltreffendheid van kapitaal. Die rentekoers bepaal die mate waarin en die voorwaardes waarop fondse te leen aangebied sal word, en die grensdoeltreffendheid van kapitaal ('n term van Keynes) bepaal die mate waarin en die voorwaardes waarop geld te leen gevra sal word.

Hierdie grensdoeltreffendheid van kapitaal is die netto wins wat van 'n sekere belegging verwag word. Dit word uitgedruk in terme van die verwagte bruto wins en van die teenwoordige, bestaande aanbiedingsprys van die betrokke kapitaalgoedere (soos byv. fabrieksuitrusting). Dit hang dus af van die winste wat verwag word van geld wat belê word in 'n nou, vandag, geproduseerde kapitaalgoed, en nie van die resultate wat 'n belegging opgelewer het nadat die lewe van die kapitaalgoed reeds verby is nie.

Die betekenis van hierdie begrip lê daarin, dat wanneer die rentekoers hoër is as die grensdoeltreffendheid van kapitaal, die vraagprys vir bepaalde kapitaalsgoedere laer sal wees as die aanbiedingsprys, en daar 'n neiging sal ontstaan vir die produksie om hom aan te pas by 'n laer peil van indiensneming—en andersom.

Indien die beleggings uitbrei, sal die grensdoeltreffendheid van die kapitaal verminder, omdat die verwagte wins sal daal en die aanbiedingsprys vir kapitaalgoedere in die meeste gevalle sal styg. 'n Mens kan aanneem dat die belegging sal voortgaan totdat 'n punt bereik is waar die rentekoers en die grensdoeltreffendheid van kapitaal dieselfde geword het.

Op hierdie manier word dan 'n toestand bereik waarby—die verbruiksneiging as gegewe aannemend—die beleggings en daarmee die peil van indiensneming 'n ewewig bereik het.

**Hierdie ewewigspeil van indiensneming kan nie hoër wees as volle indiensneming nie. Maar daar is geen rede om aan te neem dat hierdie peil gelyk sal wees aan volle indiensneming nie.**

In 'n ryk land, waar die lewensstandaard van hulle wat wel werk het, hoër is en die nie-verbruikte deel van die inkome groter is as in 'n arm land, sal die ewewigspeil van indiensneming baie vroeër bereik word, lank voor 'n toestand van volle indiensneming kan intree. Solank die neiging

(vervolg bladsy 6).

**J. HEIDEMA**
**Kerkstraat 30, teenoor die Geref. Kerk,**
**POTCHEFSTROOM.**

RYWIELE:
**RALEIGH,**
**ARGYLE,**
**SUN,**
**HERCULES,**
**PHILLIPS,**
**UNITY.**

MOTOR-RYWIELE:
**VELOCETTE**
**MATCHLESS**

**J. HEIDEMA**

**ELKE DAG VARS.**

**TURKSTRA'S BAKKERY**

BROOD
en alle
KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

*BRUIDSKOEKE*

FOON 282. FOON 282
**KERKSTRAAT 37,**
**POTCHEFSTROOM.**

**'N ADVERTENSIE**
IN DIE BEKENDE EN
VEELGELESE BLAD
**„DIE WAPAD"**
SAL U OMSETSYFERS
OPSTOOT
* * *
Dis die *Brandstof*
*van U Besigheid!*

(vervolg van bladsy 5).

om te verbruik as gegewe beskou word, kan 'n mens sê: hoe ryker 'n land, hoe groter die gevaar vir werkloosheid en armoede temidde van die rykdom. 'n Arm land sal geneig wees om die grootste deel van sy produksie te verbruik, sodat 'n beskeie mate van belegging voldoende sal wees om volle indiensneming te verseker, terwyl 'n ryk land by 'n gegewe verbruiksneiging 'n onmoontlike aantal geleenthede vir belegging sal moet vind, as die spaarneiging van sy ryk burgers in ooreenstemming gebring moet word met die indiensneming van al sy arm burgers. Die gevaar is dat na abnormale tye, soos oorloë, die produksie ingekrimp moet word totdat die land so arm geword het dat die oorskot bo die verbruik genoeg verminder het om ooreen te kom met die beskeie spaar- en beleggingsneigings.

**Die groot probleem van 'n betreklike ryk land is om vraag en aanbod van kapitaal met mekaar te versoen. Die beskikbare kapitaal hoop op, maar die vraag is klein, omdat die geleenthede vir verdere belegging by die bestaande verbruik minder aanloklik is—tensy die rentekoers daal.**

Teoreties kan die rentekoers verlaag word, en daarmee die beleggings en die indiensnmeing aangemoedig word. Maar daar word spoedig 'n minimum bereik. As die rente nog laer as dit daal, gee die mense eenvoudig die voorkeur daaraan om die geld in kontant of op die bank te hou. Soos Bagehot dit uitgedruk het: “John Bull can stand many things, but he cannot stand two per cent.” En wanneer die rentekoers nie meer kan daal nie, kan die belegging nie meer styg nie.

Dit is nog moontlik om die verbruiksneiging te laat styg deur die inkomes met behulp van belastingmaatreëls meer gelyk te verdeel, sodat die persentasie van die inkome wat verbruik word, groei—'n geliefde gedagte van Keynes—maar daarmee kan die ineenstorting slegs uitgestel word. Dit is in hierdie stadium wat lande soos Swede en Australië hulle bevind, wat tydelike verligting gevind het deur 'n meer gelyke verdeling van die inkome; waardeur die indiensneming as gevolg van 'n verhoogde verbruiksverhouding nog 'n ruk op 'n hoër peil gehandhaaf kon word. En ook hierdie middel kan net in 'n beperkte mate aangewend word, want as die belastings te kwaai is, word die inisiatief ontmoedig en die beleggings daardeur weer vanuit 'n nuwe rigting bedreig. Uiteindelik kom dan die ineenstorting van die ou peil van indiensneming.

(SLOT IN VOLGENDE „WAPAD”)

**Baie kinders is nie alleen die ARM man se rykdom nie; ook nie net die waardevolste oes wat die volk kan insamel om sy voortbestaan te verseker nie—dis ook die fondament van ekonomiese vooruiagang. Klein gesinne beteken nie net verraad aan die volk nie, nie net 'n handlanger-diens aan sy teenwoordige en toekomstige vyande nie—dit beroof ook die wordende geslag van sy brood en botter. Dis nie net 'n vergryp teen die Skepper nie, maar dit maak die onskuldige nageslag tot 'n bankrot erfgenaam van vandag se kortsigtige onverantwoordelikheid. Dit word daarom tyd dat die skim van ou Malthus verja word, teruggestuur na die mis, rook en newels van die land van sy herkoms.**


# O.K BAZAAR

**(1929) BEPERK**

**60 Departemente onder een Dak.**

Kruideniersware en Voedselware, Mans- en Dameskleresie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ——— ens.

# O.K. BAZAAR

**POTCHEFSTROOM**

**Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.**


# SPORT.

Die einde van die winter sportseisoen begin al so stadigaan nader te kruip, en ons bevind ons reeds in die eindrondes van die verskillende klubwedstryde.

**Oor die algemeen het die klubs vanjaar taamlik goed gepresteer. Die kanse van die eerste span voetbal t.o.v. die verowering van die Blane- en Neserbekers respektiewelik, was tot verlede Saterdag nog baie goed. Ongelukkig moes hulle die knie buig teen Blyvoor met 'n telling van ses punte teen drie. Nietemin het die P.U.Kaners mooi en hard gespeel totdat die eindfluitjie geblaas het.**

Die kanse van die tweede span om die Tod Suttie-beker te verower, staan nie te sleg nie. Nog slegs twee wedstryde hierdie kwartaal is gespeel en in beide gevalle het die tweed span 'n besliste oorwinning behaal. Sterkte in die laaste rondtes.

Die hokkie vaar ook goed. Dit kan byna met sekerheid gesê word dat die A-span vanjaar weereens die wenners van die liga sal wees. 'n Woord van sterkte ook aan hulle.

Die Korfbalklub doen ook hulle bes. Afgesien van die feit dat die eerste span slegs met een punt teen Normaal uitgeval het vir die Unie-skild, staan hulle kanse egter nog redelik goed om 'n beker te verower. Ons hou hulle dop en ons weet dat hulle ons verwagting nie sal teleurstel nie.

Hartlik geluk aan die Jukskeiklub met hulle reeks oorwinnings vir hierdie jaar. Die verowering van die Kopersbond-trofee is 'n genoegsame bewys om aan te toon waartoe hierdie klub instaat is—die beste beoefening van die boere sportsoorte kan nie uit die P.U.Kaners se hande geneem word nie—dit het in die afgelope twee jaar selfs vir Oom Caspaas duidelik geword.

**Afgesien van die oorwinnings wat deur die verskillende sportklubs behaal is en ongeag die neerlae wat hulle moes ervaar gedurende die loop van die jaar, is daar veel om oor trots te voel. Die P.U.Kaners het deurgaans 'n sportmansgees geopenbaar. Hulle het einduit mooi en hard gespeel en nooit moed verloor nie. As hierdie gesindheid behoue bly dan is die beoefening van die verskillende sportsoorte mooi en aangenaam.**

'n Woord van dank ook aan die verskillende breiers(sters) vir hulle getroue afrigting en leiding.

Na alle waarskynlikheid sal ons op

(vervolg onderaan vorige kolom).

(vervolg van derde kolom).

6 September Intervarsity teen U.P. hou. Met die oog hierop is dit dus uiters noodsaaklik dat sowel die spanoefeninge as die sangoefeninge gereëld bygewoon word. Ons moet goed kan speel, maar ook goed kan sing en hiervoor is gereëlde en getroue oefening uiters noodsaaklik.

# Oor Esels en Studente . . .

## Snaakse Esels.

### EN 'N SNAAKSE STORIE— GA GA GA!

Die onderwysers was moeg—die onderwyseresse was netso moeg. My familie was moedeloos. My maats was stout en ek was ietwat onnosel—ek bedoel nou figuurlik—onnosel, sê ek, omdat ek nie eerder aan die plan gedink het nie. Omdat so baie mense in my onmiddellike nabyheid so baie makeer het, en van weerskante gedreig is, ek meen tussen my familie en die opvoedkundiges, om my uit te trap en op allerhande maniere, vuil of goed, te maak leer om Standerd III deur te kom, was my nagte vol nagmerries en my dae vol mense met moord in hul oë en ek was bevrees vir die ergste.

En toe eendag lees ek 'n boekie met die naam van Diek Wassiengton. My begrip van Engels was maar bra swak, dog die seimste Diek het weggeloop omdat sy omstandighede nes myne was, en toe erwe hy die hele Londen en 'n kat op die koop toe. Met Londen wou ek niks te doen hê nie, (ek is anti-Londen gebore) maar 'n plaas sou welkom wees. Net een pad was nou my pad, en dit was die weglooppad.

So het dit dan gekom dat een môre, toe my ouers van verligting sug dat ek in die skool en nie in die spens is nie, en my onderwysers beter voel omdat ek by die huis is en nie in die skool nie, ek . . . . wag, die sin raak nou te lank—laat ek weer begin. So het dit dan gekom dat een môre, ek in die wapad was, vingeralleen met 'n broek en hempie, en die toekoms van die wêreld voor my.

By die eerste plaas aangeland, tref ek 'n lywige tannie by die hoenderhok aan.

„Moore!" sê ek.

„Moore, ou seunie en wat loop jy so alleen rond?"

„Ek soek die oom tannie!"

„Daar-doerrrrr—in die mielieland, ou kinta."

Mielieland-toe is ek dus.

„Moore oom!"

„Moore, knapie. Vanwaar en waarheen Gehasie?"

„Ek soek werk oom!"

„Hm-m-m! 'n Bietjie lig in die broek, ja, 'n bietjie lig sê ek. H-m-m-m! Maar wag laat ons sien. Kyk ou seunie, daar-doerrrrr in die vlei wei my span esels. Gaan pas hulle op en as die son sy kop wegtrek dan bring jy hul kraal-toe."

„Reg oom!", en weg was ek—esels toe.

Daardie aand was my blus uit. Aan die tafel wou (ten minste ek kon nie) ek nie eet nie.

„Ou seunie—hoe lyk dit vir my die eseltjies het jou gedaan gemaak vandag, hê?"

„Nee wat oom—dis niks. Maar sien oom, die groot esels is niks, hulle hanteer ek maklik, oom. Maar daardie klein eseltjie, oom, hy wou geen oomblik wei nie oom, hy wil net weghol oom . . . . "

„Maar ou seun, daar is g'n vulletjie by die esels nie."

Nou moet 'n man nie vir 'n moeë mens sê daar is g'n klein eseltjie nie. Ek was daar en dan boos.

„Nou kom kyk self oom, hy is in die kraal!"

Weg is ons toe na die kraal. Nuuskierig loer die oom oor die muur.

„Maar ek sien dan niks nie."

Ek loer ook oor die muur en, „Daar is hy in die hoekie oom, daar agter oom!"

Toe begin die oom lag, en lag, en lag dat die trane so rol. Ek voel of ek hom kan moor. Dis g'n saak om oor te lag nie. As ek groot genoeg was sou ek hom sekerlik bygedam het en . . . .

„Ha-ga-ga, dis dan 'n, ha-ga-ga, dis dan 'n kolhaas ou seun, 'n kolhaas . . . . .! "

PIET DIE SWAGER.

---

**Hierdie ruimte was gereserveer vir mnr. Pandit Nehroe om die verskil te verduidelik tussen 'n Koelie en 'n esel.**

**Maar hy kon nie.**

**Toe wou die Redaksie hier die verskil beduie tussen 'n esel en 'n Afrikaner wat by 'n Koelie koop.**

**Maar hy kon ook nie.**

---

Stilswye is die volmaakte teken van vreugde. 'n Mens is nie baie gelukkig as hy kan sê hoe gelukkig hy is nie. —S.

'n Tyd gelede is daar **twee brille** onder 'n bankie agter die hoofgebou opgetel, aan die eienaars (en ek dink ons weet wie dit is) wil ons maar net sê dat dit nie nodig is om nuwes aan te koop nie, die brille is nie verlore nie —dit kan by die kantoor afgehaal word.

* * *

Twee katte ontmoet mekaar by die ingang van die P.U.K. gronde.
Eerste kat: „Waar gaan jy heen?"
Tweede kat: „Ek gaan **sleep."**
Eerste kat: „Waar?"
Tweede kat: „By **Spelonke** natuurlik!"

* * * *

Vandat **Nic. v.d. Linde** sy snor afgeskeer het vertoon die van die jonge vriend **Betz** aansienlik groter.

* * * *

As daar studente is wat moeilikhede ondervind om wedersyds maatjies op die P.U.K. raak te loop—en ons weet van baie; dan sou dit miskien verstandig wees om by die **Alabama** aan te sluit—op so 'n toer raak 'n mens glo maklik geholpe. Hier geld ook egter die spreuk: die een se dood is die ander se brood, onverbiddelik!

---

## WIE STEM SAAM?

Alle wreedheid spruit uit swakheid voort.—S.

* * *

Om gelukig in hierdie wêreld te wees moet 'n mens alles vir ander doen, niks van hulle verwag nie en die oë sluit vir wat hulle nie vir ons doen nie.—D.B.

* * *

'n Sinikus is 'n man wat nooit 'n goeie eienskap by 'n ander man raaksien nie, en nooit daarin faal om 'n slegte een raak te sien nie.—B.

* * *

In iemand se woorde kan 'n mens die pols van sy karakter voel klop.—D.O.

* * *

Die wêreld sien nooit jou stryd nie, maar net die oorwinning of die nederlaag. Daar is dus rede genoeg om trots te wees op menige nederlaag en skaam te wees oor menige oorwinning. —B.O.

* * *

'n Vrou het 'n keuse. Met 'n man van wie vroue hou, is sy nooit heeltemal gerus nie—maar met 'n man van wie vroue nie hou nie, sal sy nooit gelukkig wees nie.—A.F.

BERGERS BEPERK

*wat steeds lae pryse handhaaf*

—IN—

Dames-, Kinders-, Mans- en Seunsuitrustings.

BERGERS DROOGSKOONMAAKAFDELING vir vinnige aflewering en beste behandeling.

**PAKKE KLERE 2/11. BROEKE 1/3. ROKKE vanaf 2/11.**

*Probeer—Bergers Beperk—Eerste!*

Foon 138 POTCHEFSTROOM Kerkstraat 64


# ROOK U?

## OOR SKOORSTEENMENSE, EN MENSLIKE SKOORSTENE.

Wat u antwoord ook al mag wees is nou nie ter sprake nie; maar die vraag is of u weet watter effek dit op 'n mens het, en derhalwe wil ons net 'n' paar feite noem.

**'n Bekende verskynsel by baie rokers is dat 'n mate van ylhoofdigheid ondervind word wanneer hulle in die oggend hul eerste sigaret rook, veral voor ontbyt en as die eerste paar trekke diep ingeasem word. Dit word verklaar deurdat rook meebring dat die are na die kop, saamtrek en gevolglik die bloed toevoer vertraag, m.a.w. dit werk nadelig in op die bloedsomloopstelsel.**

Is u ook onder indruk dat dit u help ontspan en senuweeagtigheid voorkom? Niks is egter verder van die waarheid af nie, want rook stimuleer net. As bewys vir laasgenoemde stelling kan die volgende genoem word. 'n Paar jaar gelede is proefnemings uitgevoer warbya adenalien—'n baie sterk stimulerende middel—by 'n mens ingespit is. Die uitwerking is vergelyk met dié van die rook van twee sigarette, en dit is gevind dat hulle verbasend eners is. Die polsslag het in beide gevalle versnel, die temperatuur van die vel gedaal, bloeddruk verhoog en die persentasie suiker in die bloed het toegeneem.

Verder kan vermeld word dat statistiese studies van die moontlikhede van hartkwale by rokers, invergelyking met nie-rokers, gedoen is. Sowat 800 rokers en nie-rokers is met behulp van die elektro-kardiograaf—'n gevoelige instrument wat die eerste tekens van kroon-hartaandoening aandui-getoets. Afwykings is anderhalf keer meer by rokers as by nie-rokers gevind. Nie een van die persone wat ondersoek is het enige teken van hartkwaal getoon nie, want die toestand waar dit bestaan het, het nog nie ver genoeg ontwikkel om pyn of ongesteldheid te veroorsaak nie. Met hierdie getuienis is dit redelik om aan te neem dat rook wel die kroon-sirkulasie in die hart skadelik affekteer.

**'n Interessante demonstrasie is moontlik met behulp van 'n baie sterk mikroskoop deur middel waarvan die individuele bloedselle deur die haarbuisies van die vel gesien kan word. Sodra 'n roker die rook intrek, beweeg die bloedselle stadiger.**

Indien bogenoemde feite nog nie oortuigend genoeg is van die skadelike uitwerking van rook nie, kan u gerus die eenvoudige eksperiment uitvoer. Plaas 'n termometer op die vel net onderkant die nael van die groot toon en meet die temperatuur gereeld vir 'n half-uur. Rook nou 'n sigaret op die normale wyse en u sal uitvind voordat die sigaret halfpad gerook is, sal die temperatuur begin daal en kan in sommige gevalle soveel as 7 grade daal terwyl by mense wat aan siektes lei wat iets met die are te doen het, kan dit tot 12—16 grade daal. Nadat u klaar gerook het sal die temperatuur egter spoedig weer normaal word.

Die vraag is nou of dit nog wenslik is om te rook? wel dit sal ek aan u self oorlaat om te beantwoord.

[Rokers verdedig jul rookgewoonte, en bewys dat julle nie ylhoofdig en sieklik is nie.—Red.]


STUDENTE

ondersteun die

SENTRAAL HAARKAPPERS

LANGS DIE RENDEZVOUS KAFEE.


Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Vert. Raad.